HOËRSKOOL BONNIEVALE
NUUSBRIEF

17 Mei 2024

OMSENDBRIEF 17/2024

Geagte ouers, leerders en Bonnievalers

1. **Eksamentye:** Ouers, let daarop dat die hele skool van **Maandag 20 Mei** af elke dag **8:00** begin en **13:00** verdaag. Verskeie hoërskoolleerders begin Maandag met eksamen en dit is vir baie ouers wat kinders in die hoërskool en laerskool het en vir busse en taxi's nie moontlik om twee keer in die middae leerders by die skool op te laai nie.

2. **Buitemuurs tydens eksamen:** Alle formele buitemuurse aktiwiteite en formele sportafrigting stop tydens die eksamen. Die besluit is verlede jaar deur die Skoolbeheerliggaam geneem. Die hoërskool se sportafrigting eindig hierdie week. Die laerskool se sportafrigting eindig volgende week op 24 Mei. Graad 1 tot 3 se afrigting word in die week van 10 Junie weer hervat.

   Voorbereiding en leer vir die eksamen moet nou ons leerders se grootste fokus wees en onderwysers se nasienlading is baie groot in die eksamen. Hoewel daar nie in die eksamen formele afrigting deur die onderwysers plaasvind nie, staan dit enige onderwyser of afrigter vry om met kleiner groepies of individuele leerders korter, nie-verpligte oefensessies te hê, mits dit nie leerders se leerprogramme of afrigters se nasientye ontwrig nie. Leerders word ook sterk aangemoedig om in die middae, met hul ouers se toestemming of met hul ouers se hulp, fiksheidsoefeninge of basiese vaardighede by die huis of op die skoolterrein te doen. Ons skool se geriewe is steeds beskikbaar soos in die res van die kwartaal.

3. **Siekte tydens eksamen**: Ons het tydens die Kovid-pandemie almal wenke geleer hoe om veiliger en meer higiënies op te tree. Kom ons probeer dieselfde voorsorgmaatreëls toepas in die eksamentyd om afwesigheid te beperk sodat leerders kans kry om al hul assesserings te voltooi:

   - **Hande** moet gereeld gewas en ontsmet word. By die skool gaan onderwysers in elke eksamenlokaal ontsmettingsmiddel (sanitizer) aan leerders verskaf elke keer as hulle instap by die lokaal. U kind sal egter nie gedwing word om die ontsmettingsmiddel te gebruik nie en u is ook welkom om vir u kind sy/haar eie botteltjie sanitizer saam skool toe te stuur.
   - **Ventilasie** in elke vertrek is belangrik. Moenie al die vensters in 'n vertrek toemaak nie, al is dit koud. By die skool hou ons die klasse se vensters oop vir vars lug sodat kieme nie opbou en versprei in die vertrek nie. Sorg dat u kind warm genoeg aangetrek is.
   - Sosiale en fisiese **kontak** kan in hierdie tye tot die minimum beperk word. Moet veral nie by mense gaan kuier wat reeds siek is nie.
   - Die dra van **maskers** bly 'n opsie. Dit is nie verpligtend nie, maar sal tog 'n verskil maak waar u kind elke dag tussen 'n klomp leerders in die klasse sit. Geen leerder sal anders hanteer word omdat hy/sy 'n masker dra nie.

   Onthou dat 'n mediese bewys by die skool se kantoor ingehandig moet word as u kind 'n formele assessering (toets of eksamen) misloop weens siekte. Leerders wat dit nie doen nie sal ongelukkig hul punte vir die assessering verbeur, volgens ons skool se assesseringsbeleid.

4. **Omsendbriewe:** Daar sal nie in die eksamen omsendbriewe op Vrydae gestuur word nie omdat die buitemuurse aktiwiteite redelik afgeskaal word. Die volgende amptelike omsendbrief sal op Vrydag 14 Junie verskyn. Belangrike kommunikasie sal steeds per WhatsApp-groepe en op sosiale media deurgegee word.

5. **Ouerhulp:** Ons wil graag, net soos verlede jaar, vir mnr. **Wikus Botes** van **Botes Tuindienste** dankie sê dat hy van die groter bome by die skool se takke wat te groot was vir ons eie terreinpersoneel om te hanteer, gratis verwyder het. Dit is lekker om te sien dat ouers saam met ons trots is op ons pragtige skool en hande aanbied om te help om dit so te hou. Baie dankie, mnr. Botes.

6. **Gholfdag:** Die skool se jaarlikse, jolige Mini-Gholftoernooi vind op **25 Mei** by die Bonnievale Gholfklub plaas ten bate van HS Bonnievale en Huis Kalie Heese Koshuis. Inskrywings vorder vinnig. Skryf so gou moontlik u span in om teleurstelling te vermy. Vir inskrywings en borgskappe kontak me. Belinda Stemmet by 062 414 4929 of bemarking@hsbonnievale.co.za .

7. **Skoolinskrywings 2025:** Aansoeke vir graad 1 en graad 8 vir 2025 word tans deur die skool en die Onderwysdepartement verwerk. Ouers sal vanaf 30 Mei by die SMS-nommer en e-posadres wat tydens aansoek gegee is in kennis gestel word van die uitslag van hul aansoek. Let daarop dat ‘n SMS-boodskap wat deur die departement gestuur word wat sê: “U aansoek is suksesvol ontvang”, slegs beteken dat die aansoek volledig op die stelsel gelaai is en nog nie beteken dat u kind plasing gekry het nie.

8. **Sportuitslae vs. LS Ashton 16 Mei**: Welgedaan, laerskool-Bonnies, met hierdie skitterende uitslae!

Netbal			
SPAN	**PUNTE VIR**	**PUNTE TEEN**	**WEN/VERLOOR**
7 A	4	0	W
8 A	1	0	W
9 A	7	0	W
10 A	10	7	W
11 A	13	3	W
12 A	11	4	W
13 A	16	15	W

Rugby			
SPAN	**PUNTE VIR**	**PUNTE TEEN**	**WEN/VERLOOR**
7 A	7	1	W
8 A	1	4	V
9 A	4	5	V
11 A	42	22	W
13 A	32	14	W

9. **Sportuitslae vs. HS Bredasdorp 11 Mei:**

Netbal			
SPAN	**PUNTE VIR**	**PUNTE TEEN**	**WEN/VERLOOR**
14 A	5	24	V
14 B	3	34	V
16 A	9	22	V
16 B	19	9	W
16 C	10	27	V
16 D	14	8	W
19 A	14	31	V
19 B	7	21	V
19 C	19	10	W
19 D	14	18	V

Rugby			
SPAN	**PUNTE VIR**	**PUNTE TEEN**	**WEN/VERLOOR**
15 A	19	24	V
15 B	5	26	V
17 A	13	14	V
19 A	7	38	V

10. **MySchool**: Ouers en Bonnievalers, u kan geld vir die skool skenk sonder dat dit u ‘n sent kos. Registreer vir ‘n MySchool-kaart by enige Woolworths en Builders-tak of by www.myschool.co.za en kies “Hoërskool Bonnievale” as begunstigde. Vir enige aankope wat u by Woolworths, Builders, Engen en loot.co.za maak, kry die skool ‘n persentasie van die bedrag.

11. **Gebedsgroep:** Die skool se jeugmentors nooi alle ouers van HSB uit om **Vrydagoggende 9:00** in die mediasentrum by die hoërskool saam met ons skool se jeugmentors en ander gelowige ouers te kom bid. Ons kinders, gesinne en onderwysers het gebed nodig en u kan help om saam, as span, vir elkeen van hulle te kom bid. Jakobus 5:16b: "...Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking." Kontak gerus vir Rian Boshoff of Sunel de Beer vir enige navrae.

12. **WhatsApp:** Sorg asseblief dat u kind se registeronderwyser en die skool altyd u nuutste selfoonnommer het sodat u op hoogte gehou kan word. Gebruik ook gerus WhatsApp om die kantoor te kontak by 060 546 5247.

13. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

Sa. 18 Mei	Hoërskoolsport vs. Langeberg Sekondêr (weg) Langeberg Landloopbyeenkoms te HS Bonnievale Laerskool Swellendam Sportdag Engelsredenaars te Montagu Museum
Ma. 20 Mei	Beheerliggaam vergader met ouers wat agterstallige skoolfonds het (uitnodigings word na die betrokke ouers gestuur vanaf die finansiële kantoor)
Wo. 22 Mei	Skoolhoofdekursus by CTLI Kuilsrivier
Do. 23 Mei	Laerskoolsport vs. Dagbreek Primêr (tuis) Skoolhoofdekursus by CTLI Kuilsrivier
Sa. 25 Mei	HSB Gholfdag te Bonnievale Gholfklub (inskrywings en borgskappe by B. Stemmet 062 414 4929 of bemarking@hsbonnievale.co.za)
Ma. 27 Mei	SBL Finansiële Komitee vergader 16:00
Di. 28 Mei	SBL-vergadering 19:00
Wo. 29 Mei	Verkiesingsdag (Skool gesluit)
Do. 30 Mei	Ouers word tussen 30 Mei en 5 Junie per SMS deur die departement ingelig oor die sukses van hul aansoeke vir graad 1 en graad 8 2025. Ouers moet voor 19 Junie die aanvaarding bevestig by die skoolkantoor.
Di. 4 Junie	Klub 100
Do. 13 Junie	Graad 10-vakveranderingaansoeke sluit
Vr. 14 Junie	Skool sluit 11:00 vir Junie-vakansie Juf. Dricka Lourens verjaar

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

S. Prins
Skoolhoof

“Die lewe wat jy oorhet is ‘n geskenk. Koester dit. Geniet dit nóú, ten volle. Doen wat saakmaak, NOU.”

- Leo Babauta (Skrywer, veganis en minimalis)

LANDLOOP

LANGEBERG LIGA 3

SATERDAG, 18 MEI 2024

9:00-12:00 by
Hoërskool Bonnievale
Vir Senior & o/9 - o/19 atlete

LANGEBERG CROSS COUNTRY (**AMENDED**) TIME TABLE

TIME	CATEGORY	DIST
10:00	Senior Men / Mans	10 km
10:00	Senior Women / Vroue	10 km
10:00	Junior Men / Mans	8 km
10:00	Master Men / Mans	8 km
10:00	Boys / Seuns 16 (Born / Gebore 2008)	6 km
10:00	Boys / Seuns 17 (Born / Gebore 2007)	6 km
10:00	Jnr Women/Vroue 19 (Born / Gebore 2006/5)	6 km
10:00	Grand Master Men/ Mans	6 km
10:40	Girls / Meisies 9 (Born / Gebore 2015)	2 km
10:40	Boys / Seuns 9 (Born / Gebore 2015)	2 km
10:40	Girls / Meisies 10 (Born / Gebore 2014)	2 km
10:40	Boys / Seuns 10 (Born / Gebore 2014)	2 km
10:55	Girls / Meisies 11 (Born / Gebore 2013)	3 km
10:55	Boys / Seuns 11 (Born / Gebore 2013)	3 km
10:55	Girls / Meisies 12 (Born / Gebore 2012)	3 km
10:55	Boys / Seuns 12 (Born / Gebore 2012)	3 km
10:55	Girls / Meisies 13 (Born / Gebore 2011)	3 km
11:15	Boys / Seuns 13 (Born / Gebore 2011)	4 km
11:15	Girls / Meisies 14 (Born / Gebore 2010)	4 km
11:15	Boys / Seuns 14 (Born / Gebore 2010)	4 km
11:15	Girls / Meisies 15 (Born / Gebore 2009)	4 km
11:15	Boys / Seuns 15 (Born / Gebore 2009)	4km
11:15	Girls / Meisies 16 (Born / Gebore 2008)	4 km
11:15	Girls / Meisies 17 (Born / Gebore 2007)	4 km
11:15	Senior Women/ Vroue	4 km
11:15	Senior Men / Mans	4 km
11:15	Master Women / Vroue	4 km

Die Tydrooster is **slegs** vir die **LANGEBERG** CROSS COUNTRY BYEENKOMSTE.

Customised
T-Shirts
different materials available
such as standard PU, glitter,
flock, reflective, pictures,
sublimation etc.
no additional fees
no setup fee
easy ordering
WhatsApp : 083 688 0186
email : geckoprinting@telkomsa.net

GECKO PRINTING
gecko printing since 2004 - more than just printing

MUG
PRINTING
magic mug • different colours
frosted glass coffee mugs
frosted glass beer mugs
no additional fees
no setup fee
easy ordering
WhatsApp : 083 688 0186
email : geckoprinting@telkomsa.net

GECKO PRINTING
gecko printing since 2004 - more than just printing